

25 April

**Skrifgedeelte: Romeine 7:1-24**  
**Fokusgedeelte: Romeine 7:22,24**  
**HK, Vraag 115**

**Sien jousef!**

Die wonderlike van Vraag 115 is dat ek my in die wet kan sien. Die wet is 'n spieël. Ek kan sien hoe ek is en ook hoe ek moet wees. Dit gee my 'n motivering om soos Christus te word. Die wet is dus vir my noodsaaklik. As 'n meisie haar wil mooi maak vir haar ou is 'n spieël noodsaaklik. Sy moet sien hoe sy lyk, waar sy moet was en dan begin om te grimeer om stelselmatig te begin lyk soos sy graag daar wil uitsien. Sy wil sien hoe sy al hoe mooier word.

Hoe meer ons die wet hoor, hoe meer sien ons onself en ons vuil sondevlekke raak. So leer die wet ons om onself te ken. Die wonderlike is dat hoe meer ek kyk, hoe minder sien ek my onvermoë en hoe meer sien ek Christus, my Verlosser, wat my sondes kom wegneem het deur sy liefde. Ek sien ook die Heilige Gees se krag. Dit gee aan my die geestelike krag wat in my die begeerte wek om al hoe meer soos Christus te begin lyk. Ek besef ek kan my begin mooi maak. Dit is die proses van heiligmaking wat God in my begin.

Deur die Gees kry ek die krag en opregte begeerte om in hierdie proses van heiligwording te volhard. So vorder ek op die weg om te groei na Christus toe. Ons noem dit geloofsgroei deur bekering. Dit is die vrug van my ware geloof waarvan ek al hoe meer bewus raak. So groei die dankbaarheid teenoor God al hoe sterker in my.

Kom ons gryp vas aan die wet wat Christus vir my sigbaar maak. Laat ons werklik glo dat ons verlos is van wettisisme. Ek leef nie meer uit skuldgevoel dat ek die wet nie nakom nie. Ek leef in dankbaarheid dat ek die wet kan nakom met die krag van die Gees.

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*

~~~~~